GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Tema: Waag om te saai in geloof

OPENING

Ons is by week 5 van onbeskaamd in ons geloof. Het jy al ‘n saadjie/ blom geplant in jou lewe? Het jy dalk ‘n groentetuin? Of “groen vingers” soos hulle sê?

- Wat is die gevoel wat ’n mens kry as daardie saad of blom ontkiem/ begin groei en jy sien die resultaat van daardie vrug/ blom?

_____

_____

VIR AGTERGROND

Die metafoor van ’n boer wat saai is ’n algemene beeld wat ons in die Bybel kry waar Jesus iets wil verduidelik van ons rol as dissipels en as volgelinge. Ons kan sê dat binne die verhale is ’n saadjie enige iets wat waarde het wat jy weggee.

Om God se reëls te verstaan van saai en oes is goed vir ons lewe. Dit is goed vir verhoudings, ons gesondheid, vir ons finansies, vir jou werk en vir alles wat jy aanpak in die lewe.

“Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.” - Galasiërs 6:7 AFR83

Hoe moet ons hierdie teks verstaan?

_____

_____

In Sondag se erediens het ons gesels oor: om God se reëls te verstaan van saai en oes in ons lewe. Hierdie volgende twaalf reëls help ons.

1. Alles begin met ‘n saadjie
2. Niks gebeur totdat die saad geplant is nie
3. Wanneer daar ‘n behoefte is, moet ek ‘n saadjie plant
4. Wat ek plant, dit sal ek oes
5. Ek is nie die enigste een wat saai nie

6. Ek oes altyd in ‘n ander seisoen as wat ek geplant het
7. Ek moet geduldig wees en nie opgee nie
8. Ons gaan altyd meer oes as wat ons saai.
9. Die oes kan groter gemaak word deur meer saad te plant
10. Hoe meer saad ek plant, hoe meer gaan God gee
11. Ek plant in geloof, nie in gevoel
12. Die beste tyd om te plant is nou!

INLEIDEND

Gesels oor elkeen van hierdie punte. Watter een staan vir jou uit?

_____

_____

Wat vra dit van jou om in geloof te plant?

_____

_____

KOM ONS LEES

Galasiers 6:1-10

GESPREK

Wat staan vir jou uit in die gedeelte?

_____

_____

Soos ons lees is vers 1 ‘n groot uitdaging vir ons. Hoe sal ons iemand vandag help wat in sonde verval? Volgens ons as gelowiges wat is sonde?

_____

_____

Volgens ons as gelowiges wat is sonde?

_____

_____

Volgens vers 7-10 gaan dit oor die saai en oes. Daar word twee teenpole gegee. Dink julle daar is verskil in die “soort” saad wat ons saai? Hoekom sal jy so sê?

_____

_____

SLOT

Uit hierdie teks: Wat wil die Here hê moet ons gaan doen in die lewe? Daag mekaar prakties uit om ONBESKAAMD ‘n verskil te gaan maak om goeie saad te gaan versprei. Dalk kan julle as Omgeegroep (Groeigroep) iets prakties saam aanpak om “lig” en “sout” vir die wêreld te wees.

_____

_____

GEBED

Sluit af met gebed en bid veral in die geleentheid vir die vervolgde kerk. Bid vir goeie saad wat op goeie vrugbare grond sal val. Dat die saad van GOEIE NUUS herlewing sal bring in die harte en lewens van alle mense waarmee jy te doen kry.

Amen...